



DEPARTMENT OF EDUCATION

## **Kurrikulum 2005**

# **Assesseringsriglyne vir Inklusiewe Onderwys**

**Junie 2002**

## VOORWOORD

Hierdie riglyne vir assessering, wat verband hou met 'n Inklusiewe Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering (UGO), moet as deel van die algemene riglyne vir assessering gelees word. Dit is in ooreenstemming met die Staatskoerant No.19640 van 23 Desember 1998. Daarin word aangedui dat die assesseringsproses van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind, met inbegrip van begaafde en talentvolle leerders, dieselfde beginsels moet volg as wat in die Assesseringsbeleid in die Algemene Onderwys en Opleiding-band, graad R tot 9 en Basiese Volwasse Onderwys en Opleiding uiteengesit is.

Die **Onderwyswitskrif 6 oor Spesiale Onderwysbehoefte: Die Vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel** is op 26 Julie 2001 bekendgestel. Die inligting in hierdie dokument kom ooreen met die gedagtegang in Onderwyswitskrif 6.

Hierdie dokument word afsonderlik versprei om die noodsaak vir inklusiwiteit te beklemtoon. Dit stel opvoeders ook in staat om bewus te wees van hierdie vraagstukke en dit in optrede om te skakel, en dus die behoeftes van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind aan te spreek.

Opvoeders word aangemoedig om hulleself te vergewis van die inhoud van hierdie dokument. Terugvoer oor hierdie riglyne word versoek. Die terugvoer sal opgeneem word in 'n enkele geïntegreerde riglyndokument oor assessering wat weer op sy beurt die Assesseringsbeleid in die Algemene Onderwys en Opleiding-band, graad R tot 9 en Basiese Volwasse Onderwys en Opleiding sal aanvul.

Ons sien uit na u antwoorde aangesien ons probeer om praktiese uitvoering te gee aan 'n enkele UGO-stelsel vir alle leerders.

Rig asseblief u antwoorde aan:

Me Zoleka Sokopo  
Departement van Onderwys  
Privaatsak X895  
Pretoria  
0001

e-Mail: sokopo.z@doe.gov.za

# INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING .....	4
2.	ASSESSERINGSBEGINSELS OM DIVERSITEIT TE AKKOMMODEER .....	4
3.	DIE GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING EN DEURLOPENDE ASSESSERING .....	6
4.	OM STRUIKELBLOKKE TOT LEER AAN TE SPREEK.....	6
5.	SKOLE SKEP DIE OMSTANDIGHEDE WAARBINNE LEERDERS SUKSES KAN BEHAAL.....	7
6.	TOEKENNING VAN KREDIETE EN DIE GEWIGTE VAN SPESIFIEKE UITKOMSTE.....	8
7.	ALTERNATIEWE OF AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES.....	9
8.	HOE OM AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES TE GEBRUIK OF TE ORGANISEER... 10	
8.1	Verantwoordelikhede van die skool/leersentrum assesseringspan .....	10
8.2	Verantwoordelikhede van die Distrik-ondersteuningspan (ten aansien van die implementering van Onderwyswitskrif 6).....	10
9.	SPESIFIEKE AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES .....	11
9.1	SINTUIGLIKE HINDERNISSE .....	11
9.1.1	Visie Belemmering .....	11
9.1.2	Doofheid en hardhorendheid .....	12
9.1.3	Doofblindheid .....	13
9.2	FISIEKE HINDERNISSE .....	13
9.3	LEERGESTREMDHEID .....	14
9.2	TWEE VERDERE AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES OM 'N REEKS HINDERNISSE AAN TE SPREEK.....	15
9.2.1	Amanuensis (skrywer) is 'n metode wat in die meeste gevalle gebruik kan word: .....	15
9.2.2	Leser .....	16
9.3	AANBEVOLE ALTERNATIEWE EN/OF AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES OM ANDER STRUIKELBLOKKE TOT LEER AAN TE SPREEK.....	17
9.3.1	Disoriëntasie .....	18
9.3.2	Sekere mediese toestande: .....	18
9.3.3	Ad hoc-reëlings .....	18
9.4	ANDER HINDERNISSE .....	19
10.	PORTEFEULJES.....	19

## 1. INLEIDING

Witskrif 6 oor Spesiale Onderwysbehoefte: Die Vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (2001) stel dit baie duidelik dat alle leerders binne dieselfde kurrikulum- en assesseringsraamwerk geassesseer moet word. Die volgende riglyne sal opvoeders help om die leer- en assesseringsbehoefte van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind binne die raamwerk van Kurrikulum 2005 aan te spreek.

Die doel van hierdie riglyndokument oor assessering is om bystand te verleen by die ontwikkeling, organisering, strukturering en implementering van 'n assesseringsprogram met die klem op graad 9. Dit is onlosmaaklik verbind aan die ontwikkeling van die Algemene Onderwys en Opleidingsertifikaat (AOOS). Hierdie riglyne is gemik op die implementering van die graad R-9 Assesseringsbeleid (Staatskoerant 19640 van 1998) in die Senior Fase van die AOO-band vir skole en moet saamgelees word met die "Riglyne vir die Assessering van Leerders in graad 9 in 2002"-dokument gedateer 5 Maart 2002.

Assessering in graad 9 bestaan uit twee komponente, naamlik 'n interne komponent en 'n eksterne komponent. Die interne assessering is skoolgebaseerd, word deur die opvoeder ontwerp en staan derhalwe as Deurlopende Assessering (DASS) bekend. Die Gemeenskaplike Take vir Assessering (GTA) vorm die eksterne komponent. Albei komponente moet so gestruktureer wees dat dit gelyke geleentheid aan alle leerders bied om hulle werklike vermoëns getrou te weerspieël.

## 2. ASSESSERINGSBEGINSELS OM DIVERSITEIT TE AKKOMMODEER

Praktyke soos assessering binne die Algemene Onderwys en Opleiding-band of enige ander band van die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel moet gerig word deur die sleutelbeginsels wat in die Grondwet en ander toepaslike beleidsdokumente vervat is. In hierdie geval voorsien die beleid oor Kurrikulum 2005 en Inklusiewe Onderwys 'n denkraamwerk wat praktyke rig. Kurrikulum 2005 en die Onderwyswitskrif 6 oor Spesiale Onderwysbehoefte: Die Vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel beklemtoon dat enige praktyk met die volgende in ooreenstemming moet wees:

- Alle leerders kan leer as hulle die nodige ondersteuning ontvang
- UGO is leerdergesentreerd en neem individuele leertempo in ag.
- Skole skeep die omstandighede waarbinne leerders sukses kan behaal.
- Daar is 'n skuif vanaf die kategorisering en etikettering van leerders volgens hulle gestremdheid na die aanspreek van hindernisse wat individuele leerders mag ondervind.
- Onderwysvoorsiening moet gebaseer wees op die vlakke van ondersteuning wat nodig is om 'n verskeidenheid van struikelblokke tot leer aan te spreek

Hierdie dokument is gebaseer op die beginsels van Uitkomsgebaseerde Onderwys

(UGO) wat aan die hand doen dat assessering op die volgende beginsels gebaseer moet wees: Afwaartse Ontwerp, Duidelike Fokus, Hoë Verwagtinge en Onbeperkte Geleenthede.

### **Afwaartse Ontwerp**

Dit beteken dat die uitkomst wat deur onderrig en leer aangepak moet word, eers duidelik uitgespel word voordat die onderrig- en leeraktiwiteite, waarby die leerders betrokke raak, ontwikkel word. In die beplanning van assessering, moet opvoeders begin deur die uitkomst wat geassesseer moet word te identifiseer vanuit daardie wat deur onderrig en leer aangepak moet word. Die volgende stap is om die toepaslike assesseringsvorm of -tipe te kies, asook die aktiwiteite wat gebruik moet word wanneer die gekose uitkomst geassesseer word. Assesseringsaktiwiteite moet ontwerp word om die behoeftes van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind te akkommodeer. 'n Leerdergesentreerde benadering hou baie voordele vir alle leerders in. Die feit dat leerders vordering kan maak deur 'n leerprogram teen hulle eie tempo en volgens hulle eie, individuele leerstyl te volg, bevorder die praktyk van insluiting. Die opleiding en oriëntasie van opvoeders tot Kurrikulum 2005 behoort te beklemtoon dat alle opvoeders 'n verantwoordelikheid het om diversiteit te akkommodeer.

### **Duidelike fokus**

Dit beteken dat elkeen wat betrokke is 'n duidelike idee moet hê van wat aan die einde verwag word. Dit impliseer dat opvoeders moet verseker dat leerders duidelikheid het aangaande die kriteria waarteen hulle geassesseer sal word, m.a.w. wat daar van hulle verwag word om bewys van te lewer. Krediet word op elke vlak vir prestasies verleen, ongeag van die roete wat gevolg is en die tempo waarteen dit geskied.

### **Hoë verwagtinge**

Dit impliseer dat opvoeders leerders moet help om hulle volle potensiaal te bereik. Hulle moet vordering teen die leerder se vorige prestasies meet en nie teen dié van ander leerders nie. Die klem moet daarop geplaas word dat leerders vorder en welslae behaal. Afsonderlike kurrikula moet nie ontwikkel word nie en leerders moet toegelaat word om hulle bevoegdheid te demonstreer op 'n wyse wat die toepaslikste vir hulle vermoëns is.

### **Onbeperkte geleenthede**

Dit beteken dat opvoeders veelsortige maniere moet vind om leerders bloot te stel aan leergeleenthede wat hulle sal help om hulle volle potensiaal met betrekking tot kennis, vaardighede, waardes en houdings te demonstreer.

Uitkomsgebaseerde Assessering (UGA) moet dus

- leerders help om hulle volle potensiaal te bereik
- deelnemend, demokraties en deursigtig wees

- leerders aktief betrek deur toepaslike kennis in lewensgetroue kontekste toe te pas
- deurgaans met die onderrig- en leerproses geïntegreer word
- vir ondersteunende asook verrykingsdoeleindes gebruik word
- die uitdrukking of demonstrasie van kennis op veelvoudige wyses toelaat
- aan geïndividualiseerde, prestasiegebaseerde assessering gekoppel wees
- 'n verskeidenheid maniere bied om veelvoudige sienings van intelligensie en leerstyle te assesseer.
- minder waarskynlik kultureel bevooroordeeld wees ten aansien van leerders wat beperk is in hulle vaardigheid in die Taal van Onderrig en Leer (TOL) of in enige ander intellektuele, fisiese of emosionele hoedanigheid

### **3. DIE GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESSERING EN DEURLOPENDE ASSESSERING**

Die Gemeenskaplike Taak vir Assessering (GTA) moet nie afsonderlik van Deurlopende Assessering (DASS) gesien word nie en moet inderwaarheid op die Deurlopende Assessering bou en dit weerspieël. Met ander woorde, wat in die GTA verwag word, is die deurlopende aktiwiteite wat dwarsdeur die jaar in Deurlopende Assessering plaasvind. Gevolglik behoort opvoeders in staat te wees om alle leerders dwarsdeur die jaar te assesseer. Dit is dus nie nodig om GTA's elke jaar aan te pas nie, maar om moontlikhede vir Deurlopende Assessering en GTA's te skep om alle leerders, met inbegrip van diegene wat struikelblokke to leer en ontwikkeling ondervind, in te sluit. GTA's moet al vyf vorms van assessering inkorporeer wat in Deurlopende Assessering gedek word.

Verskeie assesseringsgeleenthede moet bestaan om leerdiversiteit te akkommodeer. Hindernisse wat sekere leerders kan ondervind om uitkomst tydens die Deurlopende Assesseringsproses te demonstreer, kan aangespreek word deur baie buigsam in die keuse van take te wees.

### **4. OM STRUIKELBLOKKE TOT LEER AAN TE SPREEK**

Kurrikulum 2005 stel dieselfde Spesifieke Uitkomste vir alle leerders. Dit beteken dat:

- Skole onderrig en leer op so 'n wyse moet organiseer dat alle leerders hierdie uitkomste kan bereik.
- Enige leer- en ontwikkelingshindernisse geïdentifiseer en begryp moet word sodat leer en assessering toepaslik aangepas of gemodifiseer kan word.
- Ons hier kan praat van die skep van 'n bemagtigende en ondersteunende omgewing deur die verandering van die skool-etos en onderwyspraktyk en die volg van 'n buigsame kurrikulum. Hiervoor is geen bykomende hulpbronne nodig nie.

Leer- en ontwikkelingshindernisse kan:

- Sistemies wees bv. 'n gebrek aan basiese en toepaslike leerondersteuningsmateriale, hulptoestelle, ontoereikende geriewe by skole, oorvol klaskamers, ens.
- Samelewingverwant, bv. ernstige armoede, laat inskrywing by die skool, ens.
- Spruit uit ontoepaslike pedagogie, onvoldoende ondersteuning van opvoeders, ontoepaslike en onbillike assesseringsprosedures, ens.
- Kan ook uit gestremdhede ontstaan (neurologies, fisies, sensories, kognitief, ens.) wat in die leerder gesetel is.

In die meeste gevalle (indien nie alle nie) word die leer en ontwikkeling van 'n leerder gestrem deur 'n kombinasie van twee of meer van bogenoemde soorte hindernisse.

Aangesien dit die hoofdoel van Deurlopende Assessering is om te verseker dat alle leerders toegang het tot die kurrikulum, is dit belangrik dat assesseringstake op so 'n wyse ontwikkel en aangepas word dat die hindernisse vanaf 'n vroeë stadium aangespreek word. Geen intervensie moet bloot op tradisionele kategorieë van gestremdheid of leerprobleme gebaseer wees nie. Byvoorbeeld, nie alle leerders wat blind of doof is of leerders met fisiese of intellektuele gestremdhede ondervind dieselfde hindernisse nie. Sulke leerders kan moontlik hoegenaamd geen struikelblokke tot leer ondervind nie.

Die rol van die opvoeder sou wees om uit te vind watter soort steun 'n spesifieke leerder moontlik nodig kan hê en hoe daar in die assesseringsprosedures voorsiening gemaak word, hetsy deur DASS of die GTA. 'n Leerder wat byvoorbeeld nie 'n prent kan sien nie of nie kan skryf nie, kan gehelp word deur oudiokassette wat die leerder sal bemagtig om dieselfde uitkoms te lewer.

## **5. SKOLE SKEP DIE OMSTANDIGHEDE WAARBINNE LEERDERS SUKSES KAN BEHAAL**

Die finale verantwoordelikheid berus by skole en opvoeders om die omstandighede te skep waarbinne leerders sukses kan behaal. Makrobeplanning in skole moet kennis dra van die aard en omvang van die ondersteuning wat leerders nodig het. In die meeste gevalle binne die Suid-Afrikaanse konteks is leerders wat struikelblokke tot leer ondervind 'n betekenisvolle komponent van die gewone skoolbevolking.

Daar is tans ongeveer 64 000 leerders in spesiale skole. Die geraamde aantal leerders wat struikelblokke tot leer ondervind en vir wie daar nie die gewone onderwys voorsiening gemaak word nie, is in die omtrek van 400 000. Hierdie getal weerspieël moontlik nie die beduidende aantal leerders wat grade herhaal en die skool verlaat omdat daar nie aan hulle behoeftes voldoen word nie.

Ondersteuning moet dus as 'n integrale deel van die onderrig- en leerproses in alle skole beskou word. Aangesien ondersteuning nooit as afsonderlik van hierdie proses gesien kan word nie, is dit noodsaaklik dat ondersteuningsmaatreëls ook hierop fokus.

Om opvoeders in staat te stel om alle struikelblokke tot leer uit die weg te ruim, is daar verskeie belangrike vrae wat hulle hulself oor hulle assesseringspraktyke behoort te vra:

- Watter konsep, vaardigheid of kennis probeer ek assesseer?
- Wat moet my leerders weet?
- Op watter vlak moet my leerders presteer?
- Watter soort kennis word geassesseer: redenering, geheue, of proses?
- Word alle leerders billik behandel, veral diegene wat struikelblokke tot leer ondervind?
- Is my assesseringspraktyke nie-diskriminerend?
- Is my assesseringspraktyke daarop gemik om leer en deelname te aan te moedig en om uitsluiting tot die minimum te beperk?
- Is my assesseringsbenaderings 'n poging om die kategorisering en etikettering van leerlinge te vermy?
- Word assesseringsverskeidenheid gebied wat dit vir al my leerders moontlik maak om hulle vaardighede ten toon te stel?
- Is omgewingsinvloede soos armoede en trauma tydens die assesseringsproses in berekening gebring?

Dit is teen hierdie agtergrond dat assesseringsriglyne vir die aanspreek van struikelblokke tot leer binne die Suid-Afrikaanse konteks in hierdie generiese riglyne vir Deurlopende Assessering en die GTA's ingebed is sodat dit toegepas kan word op alle leerders en nie net vir diegene wat onderrig ontvang in spesiale skole nie.

## **6. TOEKENNING VAN KREDIETE EN DIE GEWIGTE VAN SPESIFIEKE UITKOMSTE**

Krediettoekenning en die gewigstoekenning van Spesifieke Uitkomste is presies dieselfde vir alle leerders (vgl. die Inleiding tot die Generiese Riglyne in hierdie verband). Die volgende moet egter beklemtoon word ten opsigte van leerders wat struikelblokke tot leer ondervind:

- Leerders wat struikelblokke tot leer ondervind moet ook aan al 66 SU's blootgestel word.
- 'n Verskeidenheid aktiwiteite moet ontwikkel word om 'n leerder in staat te stel om die kern-spesifieke uitkomste te bereik.
- Indien 'n leerder nie daartoe in staat is om 'n besondere aktiwiteit te bemeester nie, moet alternatiewe aktiwiteite ontwerp word om die leerder die geleentheid te bied om bevoegdheid in daardie spesifieke uitkoms te demonstreer.
- 'n Sekere aktiwiteit kan aangepas word om 'n leerder wat fisiese of sensoriese hindernisse ondervind in staat te stel om die uitkomste te demonstreer.
- Vir leerders wat nie die vereiste persentasie uitkomste bereik nie, moet moontlikhede ondersoek word om langs die verskillende roetes voort te gaan wat in die Verdere Onderwys en Opleiding-band beskikbaar is.

## 7. ALTERNATIEWE OF AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES

Dit is hierbo beklemtoon dat een van die sleutelbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en K2005 is dat alle leerders kan leer, al is dit op verskillende maniere en teen verskillende tempo's. Om billik teenoor alle leerders te wees en in ooreenstemming met die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en K2005, kan spesiale reëlins dalk nodig wees wanneer dit by assessering kom. Daar is talle praktiese wyses waarop opvoeders die wyse kan aanpas waarop aktiwiteite en assessering beplan, gestruktureer en uitgevoer word, bv.

- Leerders moet genoeg tyd gegun word om bevoegdheid in die assesseringstake te demonstreer. Leerders kan meer tyd gegee word, nie net om toetse te skryf nie, maar ook om uitkomste deur alle ander assesseringsmetodes te demonstreer. Veelvoudige geleenthede moet ook gebied word om werk te verbeter en om optimaal te presteer.
- Die vraestelle/taakinstruksies kan aan leerders voorgelees word en hulle kan hulle antwoorde aan 'n opvoeder/leerder/ander persoon wat dit neerskryf dikteer om gemerk te word. Leerders kan ook hulle antwoorde op 'n kasset dikteer. Dit kan leerders met lees- en skryfhindernisse, ernstige visuele hindernisse en diegene met fisiese hindernisse wat hulle handbewegings aantas, help.
- Assessering kan 'n praktiese komponent insluit sodat leerders hulle bevoegdheid kan demonstreer sonder om taal te hoef gebruik. Dit is 'n meer gepaste assessering van 'n leerder se bevoegdheid indien hulle taalprobleme ondervind. Onthou dat UGO-uitkomste benewens kennis ook vaardighede, waardes en houdings erken.
- Ontwikkel 'n aktiwiteit of taak om die taak te vervang wat deur die res van die klas gedoen word, bv. 'n leerder met 'n fisiese gestremdheid in 'n Kuns en Kultuur of Lewensoriënteringsaktiwiteit om 'n spesifieke uitkoms te demonstreer.
- Ontwerp aktiwiteite wat leerders in staat stel om 'n vlak van bevoegdheid te demonstreer en om 'n uitkoms te bereik.

Die **doel van alternatiewe of aangepaste assesseringsmetodes** is dus om die impak van 'n reeks intrinsieke en ekstrinsieke hindernisse op die assesseringsprestasie van die leerder tot die minimum te beperk. Alternatiewe assessering word bloot voorsien om die funksionele verskille van sommige leerders te akkommodeer. Die doel is:

- om die balans te handhaaf tussen die akkommodering van in individuele behoeftes en assesseringsgeldigheid – d.w.s. om die hindernis aan te spreek, nie om daarvoor te kompenseer nie. Dit is 'n wesenlike deel van leerondersteuning.
- om te vermy dat verskille geïmpliseer word/vasgestel word/bevestig word/versterk word, d.w.s. in 'n eksklusiewe raamwerk.
- om toe te laat dat die resultate van die assessering die behoeftes van sommige leerders om in die onderrig- en leerproses ondersteun te word, betroubaar weergee. Dit sal die opvoeders help om intervensiestrategieë op so 'n wyse te

beplan dat alle hindernisse doeltreffend aangespreek word.

## **8. HOE OM AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES TE GEBRUIK OF TE ORGANISEER**

Verskillende soorte hindernisse sal deur verskillende alternatiewe en/of aangepaste assesseringsmetodes aangespreek moet word. 'n Spesifieke hindernis kan moontlik meer as een aanpassing verg. Die strategieë wat toegepas moet word, sal wissel na gelang van of die hindernis lank reeds bestaan, onlangs opgedoen is, fluktueer, wisselend of tydelik van aard is.

### **8.1 Verantwoordelikhede van die skool/leersentrum assesseringspan**

Elke skool/leersentrum moet 'n assesseringspan hê wat verantwoordelik sal wees om:

- Te bepaal watter leerders toegang tot aangepaste assesseringsmetodes moet hê
- Te bepaal watter materiaal nodig is en watter praktiese reëlins getref moet word
- 'n Lys saam te stel van leerders wat presies meld watter aangepaste assesseringsmetodes elkeen nodig het, asook die bykomende toerusting/personeel wat nodig is
- Om die proses te moniteer en verslag te doen aan die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan
- Om te verseker dat alle besluite wat deur die skoolspan oor die aangepaste assesseringsmetodes gemaak word in die leerderprofiel ingesluit word wat hulle dwarsdeur hulle skoolloopbane vergesel.
- Die logistieke reëlins op skool-/leersentrumvlak vir die toepassing van aanpassings in die DASS deur die jaar en die GTA ten opsigte van die:
  - Oudioband - die assesseringstaak moet op oudioband opgeneem word;
  - Vergroting van die druk van assesseringstake;
  - Transkribering van die assesseringstake in Braille (of die aanstel van iemand om dit te doen);
  - Voorsiening van hulptoestelle, spesiale toerusting, ens.
  - Besikbaarheid van 'n amanuensis/skrywer
  - Besikbaarheid van 'n afsonderlike en geskikte lokaal
- Reëlins te tref dat tydens formele assessering:
  - Kandidate deur die opvoeder bygestaan word om aan die werk te kom en om die struktuur van die taak en die tydtoekenning per vraag te verstaan.
  - Die opvoeder seker maak dat die tikmasjien, rekenaar, diktafoon, oudiofoon of bandmasjien in 'n werkende toestand is.
  - Die opvoeder aan die einde van 'n sessie seker maak dat alle vraestelle/take of ander wyses waarop antwoorde opgeteken word, ingeneem word en die aantal bladsye wat geskryf is, nagegaan word.

### **8.2 Verantwoordelikhede van die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan (ten**

## **aansien van die implementering van Onderwyswitskrif 6)**

‘n Distriksgebaseerde Ondersteuningspan kan bestaan uit distrik-/streeksbeamptes wat verantwoordelik is vir Onderwysondersteuning, Kurrikulum, Institusionele Ontwikkeling, Spesiale Onderwys, Assessering, Eksamens en Leerondersteuningsmateriaal. Vir opleidingsdoeleindes kan spesialis personeel van spesiale skole by die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan ingesluit word. Die Distriksgebaseerde Ondersteuningspan sal verantwoordelik wees vir:

- Opleiding, monitering en ondersteuning van die skoolspanne in die proses van die aanspreek van struikelblokke tot leer en die beplanning van aangepaste assesseringsmetodes.
- Om seker te maak dat die distrik-/streeksbeampte wat verantwoordelik is vir die koördinerende van assessering toesien dat bogenoemde hulpbronne en toerusting by die leersentrum of by ‘n sentrale punt beskikbaar is en dat skedules in plek is wat beskikbaar gestel kan word aan leerders wat dit vir assesseringsdoeleindes nodig het. Leerders moet vertrouwd wees met die toerusting wat gebruik moet word.
- Om te verseker dat die voorgeskrewe voorsorgmaatreëls oor vertroulikheid te alle tye nagekom word.

## **9. SPESIFIEKE AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES**

Die volgende is aanbevole alternatiewe en/of aangepaste metodes wat in die assesseringsproses toegepas kan word om ‘n reeks hindernisse aan te spreek.

### **9.1 SINTUIGLIKE HINDERNISSE**

#### **9.1.1 Visuele belemmering**

Visuele belemmering verwys na ‘n situasie waar sekere oogtoestande ‘n beduidende struikelblok tot skoolvordering word. In hierdie gevalle is gewone drukletters problematies, selfs met die hulp van ‘n bril of kontaklense.

Die volgende word as alternatiewe assesseringsmetodes beskou:

- **Braille:** Assesseringstake moet in Braille beskikbaar wees. Leerders kan in Braille of tikskrif antwoord.
- **Vergrote en/of vetgedrukte teks:** Assesseringstake kan per hand of elektronies en verkieslik op eiergeelpapier voorberei word.
- **Bandhulp:** Visueel gestremde leerders wat nie Braille kan lees nie, moet die toets of assesseringstake op kasset ontvang.
  - Leerders moet die gedrukte assesseringstake asook die oudiokassetopname ontvang.
  - Sorg moet gedra word dat die leestempo geskik is vir die leerder se

- ouderdom.
- Punttoekennings en vraagnommers moet duidelik uitgelees word.
- Verlengkabels en aansluitproppe moet in die assesseringskamer voorsien word.
- Oorfone is toelaatbaar om nie 'n stoornis te veroorsaak nie.
- Leerders moet 'n stel batterye hê ingeval daar 'n kragonderbreking is.
- **Diktafoon:** Die assesseringstaak word aan die leerder gelees, of hy/sy luister na 'n bandopname of lees self die assesseringstaak en neem die antwoorde op 'n diktafoon op.
- **Rekenaar met stamsintetiseerder:** Leerders word toegelaat om te antwoord deur te tik.
- **Tyd:** Alle leerders met visuele belemmering moet genoeg tyd ontvang om die taak volgens die Leerarevereistes te voltooi.

In al die bogenoemde metodes is dit noodsaaklik om illustrasies, veral klein besonderhede in die illustrasies, bv. diagramme in Natuurwetenskappe te beperk. In gevalle waar tekening vereis word, kan leerders toegelaat word om met beskrywings te antwoord. Dit is raadsaam om die assesseringstaak aan die leerder te lees om na te gaan dat die inhoud en drukwerk ooreenstem.

### 9.1.2 Doofheid en hardhorendheid

Doofheid en hardhorendheid verwys na 'n hindernis wat verwant hou met gehoor wat op 'n intensiteitskontinuum gemeet kan word. Die hindernis manifesteer óf as 'n onvermoë, óf 'n ernstige probleem om 'n gesproke/geskrewe taal (met inbegrip van normale spraak) deur die gewone ouditiwe kanale aan te leer.

In die geval van dowe kandidate, word hulle eerste taal, d.w.s. Gebaretaal, natuurlik op 'n visuele manier aangeleer. Enige gesproke/geskrewe taal moet dus as 'n tweede taal beskou word. Dit is belangrik om te besef dat die taalstruktuur van 'n gesproke/geskrewe taal van die taalstruktuur van Gebaretaal verskil. Hierdie leerders kan dus moontlik moeite ondervind om hulle kennis oor te dra deur te skryf.

Die volgende word as alternatiewe assesseringsmetodes beskou:

- **Gebaretaaltolk:** Die tolk skryf die antwoorde neer wat in Gebaretaal gegee is. Die tolk is 'n deskundige in die begrip en gebruik van Gebaretaal, asook die taal waarin die kandidaat op die assesseringstaak reageer. Hier moet vertroulikheid in ag geneem word.
- **Video-opname:** Die take/vrae word op video opgeneem deur middel van Gebaretaal en/of die gesproke woord (liplees). Die video kan weer opgewen word. Die kandidaat se antwoorde in Gebaretaal word dan op video opgeneem. 'n Persoon wat Gebaretaal verstaan tolk die antwoorde en skryf dit neer. Hierdie persoon tree dus as 'n tolk en skrywer op.
- **Bykomende Tyd:** Dowe kandidate kan indien nodig bykomende tyd ontvang.

In die geval van **leerders wat hardhorend is**, afhangende van die mate van gehoorverlies, vind kommunikasie plaas deur gehoortoestelle, liplees en gefasiliteerde spraak (wat liplees aanvul). Hierdie leerders het moontlik 'n onvermoë om toegang te hê tot inligting wat mondeling oorgedra word (bv assesseringsinstruksies of wanneer assesseringstake opgeklaar word). Hierdie leerders kan moeite ondervind om Engels te volg omdat dit 'n tweede taal is (in sommige gevalle 'n derde taal) of vanweë beperkte ouditiewe insette van Engels (waar doofheid voor vroeë taalontwikkeling plaasgevind het).

Die volgende word as alternatiewe assesseringsmetodes beskou:

- Instruksies kan op die volgende alternatiewe wyses voorsien word:
  - Kyk na die leerder en praat duidelik (as die leerder liplees)
  - Voorsien alle instruksies skriftelik
  - Maak 'n FM-gehoorstelsel of induksielus beskikbaar
- Antwoordalternatiewe kan toegelaat word deur:
  - bykomende tyd
  - 'n woordeboek of 'n tesourus
  - 'n persoonlike rekenaar met spel- en grammatikatoetse, woordeboeke en tesourusse
- Die fisiese omgewing moet ook voorberei word deur:
  - toegang tot kragpunte vir toerusting
  - voldoende ruimte vir toerusting of spesifieke personeel
  - Al hierdie strategieë kan ook bykomende tyd vereis

### **9.1.3 Doofblindheid**

Dit verwys na 'n toestand waarbinne die kombinasie van gehoor- en gesigsverlies by leerders sulke ernstige kommunikasie- en ander ontwikkelings- en opvoedkundige behoeftes veroorsaak dat die intensiteit en aard van die ondersteuning wat deur hulle benodig word, van geval tot geval bepaal moet word. Gesigs- en gehoorbelemmerings verg dus verbeeldingryke en unieke onderwysbenaderings om te verseker dat hierdie leerders die geleentheid het om hulle volle potensiaal te ontwikkel. Die steun van die Distrik-ondersteuningspan sal noodsaaklik wees om hierdie intervensies te beplan.

## **9.2 FISIEKE HINDERNISSE**

Dit verwys na belemmerde funksie in die hande, arms, bene, romp en/of nek. Die belemmering kan die onvermoë om die liggaamsdele te beweeg (bv. kwadruplegie), die onvermoë om beweging te koördineer (bv. serebrale gestremdheid) of 'n ledemaat/ate) vanweë amputasie. Skryf sal beïnvloed word deur toestande wat spierkrag en gewrigsbeweeglikheid beïnvloed, wat gevolglik die leerder se greep, tempo en skryfnethed sal beïnvloed.

Die volgende word as alternatiewe assesseringsmetodes beskou:

- **Rekenaar/Tikmasjien:** 'n Rekenaar kan tydens assessering gebruik word om assesseringsvrae te voorsien in 'n formaat wat vir die leerder toeganklik is, of, alternatiewelik, om assesseringsantwoorde te formuleer en te voorsien. Dit is egter uiters belangrik dat voorsorgmaatreëls getref moet word om te verseker dat geen programmatuur of spesiale apparaat wat aan die rekenaar gekoppel is en wat tot die voordeel van die leerder kan strek nie, tydens die assessering beskikbaar is nie. Die leerder moet voor die assessering vertrouwd wees met die spesifieke programmatuur/tikmasjien.
- **Tyd:** Alle leerders met fisieke hindernisse moet genoeg tyd en rusperodes ontvang indien moegheid intree. Die doel van bykomende tyd is dat dit moet kompenseer vir die tyd wat in beslag geneem word deur fisiese aanpassing en stadigheid om die omgewing te organiseer, bv. waar die leerder deur middel van 'n kopstuk of toon tik. Dit is noodsaaklik dat die leerder toegelaat word om die assesseringstaak te voltooi.

### 9.3 LEERGESTREMDHEID

Hierdie term verwys na 'n reeks probleme wat ondervind word om inligting te ontvang, te verwerk, uit te druk of te herwin, waarvan enige die persoon se vermoë beïnvloed om doeltreffend in een of meer areas (soos spelling, grammatika, om aanwysings te volg, ruimtelike verhoudings, getalle) te funksioneer.

Die volgende word as alternatiewe assesseringsmetodes beskou:

**Funksionele probleem: die ontsluit van inligting wat in 'n geskrewe/gedrukte vorm is**

Alternatiewe wyse waarop vrae gestel kan word:

- Leser

Mondeling deur eksaminator

- Vrae wat op oudioband opgeneem is
- Persoonlike rekenaar met stemsintetiseerder
- Bykomende tyd.

**Funksionele probleme om eie kennis in 'n geskrewe vorm uit te druk; besondere probleme met spelling en/of grammatika**

Hierdie probleme kan:

- Hulle in wisselende grade voordoer;
- Sodanig wees dat dit bykans onmoontlik is om die leerder se geskrewe werk

- te evalueer;
- Spelling behels wat so swak is dat dit onmoontlik vir die eksaminator is om die werk te verstaan wat die kandidaat aanbied;
- Hulle voordoen deurdat die leerder fonetiese spelling gebruik (veral in Engels), wat egter steeds ontsyfer kan word en nie die enigste norm hoef te wees nie.

Antwoord-alternatiewe:

- Bykomende tyd
- Skrywer
- Mondelinge antwoorde aan die persoon wat die assessering doen
- Mondelinge antwoorde op die oudioband of diktafoon
- Persoonlike rekenaar met spel- en grammatikatoetse, woordeboeke, tesourusse
- Spesiale toerusting (bv. Spell Master)
- Veelvoudige keuse en kort antwoordvrae eerder as vrae met lang antwoorde.

### **Funksionele probleem: syfers en syferkonsepte**

Antwoord-alternatiewe:

- Gebruik van sakrekenaar.

### **Ander oorwegings**

Fisiese omgewing:

- toegang tot kragpunte vir toerusting
- toereikende ruimte vir toerusting en spesifieke personeel.

Afsonderlike assesseringslokaal:

- indien die leerder se aandag maklik afgelei word deur ander mense se beweging en geraas
- vanweë geraas wanneer toerusting of spesifieke personeel gebruik word.

Meer tyd kan ook vereis word.

## **9.2 TWEE VERDERE AANGEPASTE ASSESSERINGMETODES OM 'N REEKS STRUIKELBLOKKE AAN TE SPREEK**

### **9.2.1 Amanuensis (skrywer) is 'n metode wat in die meeste gevalle gebruik kan word:**

- Amanuensis verwys na die praktyk waarvolgens 'n persoon (skrywer) die vrae aan die leerder voorlees en die leerder se gesproke woorde (antwoorde) woordeliks neerskryf.
- 'n Skrywer kan 'n opvoeder of 'n departementele beampte wees, maar hoef nie 'n personeellid van die betrokke sentrum te wees nie. Dit word sterk aanbeveel dat skrywers opgelei word.
- Dit is raadsaam dat transkribering nie in die assesseringskamer tussen ander leerders moet plaasvind nie. 'n Afsonderlike, geskikte kamer moet vir elke skrywer voorsien word. Die skrywer en die leerder moet elk 'n afskrif van 'n assesseringtaak ontvang. In die geval van 'n formele assessering onder gekontroleerde toestande moet 'n deurlopende kassetopname van die assessering gemaak word. Die opnemer mag slegs afgeskakel word om 'n kasset om te draai of te vervang. Hierdie opnames moet gehou word totdat die uitslae bekend is.

### **Toepassingskriteria:**

#### **'n Leerder word vir 'n amanuensis (skrywer) oorweeg wanneer:**

- Sy/haar lees-/skryfvermoë hom/haar daarvan weerhou om 'n ware weergawe van sy/haar kennis en/of bevoegdheid te gee;
- Hy/sy moontlik nie in 'n posisie is om die assessering te skryf nie vanweë die ernstige aard van die gestremdheid;
- Geskrewe uitdrukking (die oordra van kennis deur te skryf) nie moontlik is nie;
- Hy/sy probleme ondervind om die antwoord te lees/ontsyfer. Lees vir 'n leerder/groep leerders

### **9.2.2 Leser**

- Die leser kan die taak tegelyk aan een of meer leerders lees. Beide die leser en die leerder(s) moet assesseringstake hê.
- Die leser moet verkieslik 'n gekwalifiseerde opvoeder wees, maar nie noodwendig van dieselfde sentrum nie.
- Die leser bly neutraal en onpartydig wanneer hy/sy die assesseringstaak lees. Die leerder moet die assessering binne die toegewysde tyd voltooi.
- In leerprogramme waar spoed vereis word, byvoorbeeld in die spoedakkuraatheidstoets in Tik, en wanneer die leser te veel tyd neem om die assesseringstaak te lees, kan die assesseringstaak aan die leerder gelees word. Dit sal vereis dat die leser dwarsdeur die assesseringstaak langs die leerder moet sit.

## Toepassingskriteria:

Daar word vir 'n leerder/groep leerders gelees wanneer:

- Leesprobleme toegeskryf word aan probleme met die tempo waarteen lees plaasvind.
- Leesprobleme soos 'n ontoereikende leesspoed geskied vanweë dekodering en woordherkenningsprobleme, wat begrip verdraai, asook ander gestremdhede of **belemmerings wat 'n leerder verhinder om volgens sy/haar potensiaal te lees.**

## 'n Opsomming van aanbevole alternatiewe assesseringsmetodes

	Visiuele struikelblokke	Doofheid Hardhorendheid	Doof-Blindheid	Fisieke struikelblokke	Leergestremdheid
Bandhulp	✓			✓	✓
Braille	✓		✓		
Vergrote Druk	✓			✓	
Diktafoon	✓			✓	✓
Video		✓			✓
Gebaretaal-tolk		✓	✓		
Rekenaar/Tikmasjien	✓	✓	✓	✓	✓
Alternatiewe Vrae/Take	✓	✓	✓	✓	✓
Bykomende Tyd	✓	✓	✓	✓	✓
Amanuensis	✓	✓	✓	✓	✓
Mondeling aan opvoeder	✓	✓	✓	✓	✓

### 9.3 AANBEVOLE ALTERNATIEWE EN/OF AANGEPASTE ASSESSERINGSMETODES OM ANDER STRUIKELBLOKKE TOT LEER AAN TE SPREEK

Die volgende hindernisse kan die leerder verhoed om 'n ware weergawe te gee van

sy/haar kennis en vaardighede wanneer hy/sy geassesseer word en kan aangepaste assesseringsmetodes vereis. Daar moet die een of ander dokumentêre bewys wees om die volgende hindernisse te staaf. Skoolspanne kan besluite in hierdie verband met die Distrik-ondersteuningspan bespreek.

### 9.3.1 Disoriëntasie

'n Leerder kan tydens assesserings gedisoriënteer raak, wat hom/haar verhoed om die assesseringstaak tot die beste van sy/haar vermoë te antwoord. Dit geld veral vir leerders wat angs ervaar en/of probleme wat hulle vermoë om, byvoorbeeld, tyd te struktureer beïnvloed. Hierdie leerders kan geneig wees om maklik tou op te gooi en om onvolledige antwoordstelle in te dien en moet dus gereeld gemoniteer word en aangemoedig word om die assesseringstaak te voltooi. Die leerder/s moet moontlik in 'n afsonderlike lokaal skryf. 'n Opvoeder of ander toepaslike persoon kan die leerders bystaan om aan die werk te kom, en om die taak en tydtoekenning te struktureer.

### 9.3.2 Sekere mediese toestande:

Sekere ernstige mediese toestande kan ook aangepaste assesseringsmetodes vereis:

- **Epilepsie:** Indien toevale nie suksesvol deur medikasie gekontroleer kan word nie.
- **Ernstige Diabetes:** Die leerder het moontlik medikasie, 'n ligte maaltyd, 'n vrug of rus tydens die assessering nodig.
- **Kroniese pyn of rugbesering:** Reëlins moet vir ruspouses en spesifieke sitbehoefte getref word.

Die skoolassesseringspan moet reëlins tref dat hierdie leerders deur enige volwassene by die skool bygestaan word om medikasie/kos te bekom of te neem. Die leerder moet genoeg tyd gegun word om die taak te voltooi.

### 9.3.3 Ad hoc-reëlins

Dit geld in gevalle van swangerskap of in gevalle van besering, trauma, hospitalisasie en gevangenisskap net voor of tydens assessering. As dit vir 'n leerder nodig word om toegang tot 'n aangepaste of alternatiewe assesseringsprosedure te hê om een of meer van die volgende redes, moet 'n ad hoc-besluit op daardie tydstip geneem word.

- **Hospitalisasie:** Na gelang van die omvang en aard van die siekte/toestand, kan aanpassings oorweeg word of, alternatiewelik, kan die assessering in die hospitaal uitgevoer word of uitgestel word.
- **Trauma / Besering / Siekte:** Ernstige beperkings vanweë 'n besering/siekte/trauma kan aangepaste assesseringsmetodes vereis. Bv, 'n leerder wat slagoffer van mishandeling is, 'n gesinslid verloor het of in 'n motorongeluk betrokke was.

- **Gevangenisskap:** Ad hoc-reëlings geld in sulke gevalle.

#### 9.4 ANDER STRUIKELBLOKKE

Enige ander struikelblokke wat nie hierbo genoem is nie, kan op kreatiewe wyses deur opvoeders met die hulp van die skool asook die distrik-ondersteuningspanne aangespreek word.

### 10. PORTEFEULJES

Die getuienis van leerprestasie vir Deurlopende Assessering moet in 'n portefeulje gehou word. 'n Portefeulje is baie belangrik vir leerders wat struikelblokke tot leer ondervind aangesien dit belangrike bewyse bevat van 'n reeks uitkomst wat deur 'n verskeidenheid aktiwiteite bereik is asook inligting vir opvoeders oor die steun wat elke individuele leerder nodig het.

Die volgende tabel verstrek 'n reeks aktiwiteite wat binne elke leergebied gebruik moet word om die verskillende leerbehoefte van individuele leerders aan te spreek.

Leerarea	Minimum van 5 vorme van assessering * Die taak en sy aktiwiteite sal aangepas moet word om struikelblokke tot leer aan te spreek					
LO	Projekte	Ontwerp en Maak	Geskrewe taak/toets	Praktiese demonstrasies	Aksie-navorsing	
EBW	Projekte	Toetse	Simulasie	Aanbiedings	Keuses	
WGWW W	Projekte	Toetse/ eksamens	Werkopdragte	Klaswerk/ Huiswerk	Ondersoeke	
MSW	Kaartlesing/Anali se	Toetse	Datahanteling	Navorsing	Kreatiewe antwoord	Kontekstuele ontleding
NW	Projekte/ondersoeke	Werkopdragte	Toets e/ eksamens	Aanbiedings/ Prestasies	Vertaal-taak	
TGK	Skeppende skryfwerk	Funksionele skryfwerk	Gesproke taal	Ondersoek	Antwoord op teks	
TEG	Navorsing	Werkopdrag	Gevallestudies	Projekte	Toets/e	

K&K	Toets/ Mondeling / Vraelyste en opstelle	Opvoerings / vertonings/ uitstallings/ uitstappies en onderhoud	Navor- singstake Werkop- drag Projekte Onder- soek	Kunsproses- se en produkte wat verskillende kunsvorms/ media/meto- des gebruik	Waarne mings/ joernale/ skryf- boeke/ skets- boeke/ persoon- like narra- tiewe	
-----	---	---	--	--	--	--

### Voorblad van omslag

Die voorblad van die omslag van die leerder se portefeulje moet die volgende inligting bevat:

- Naam van leerder
- Leerarea
- Fase/graad
- Jaar
- Skool
- Ondersteuning wat leerder benodig

### 11. SLOT

Hierdie dokument voorsien generiese inligting wat oor alle leerareas toepaslik is en dien ook om opvoeders ten aansien van die assesseringstelsel te oriënteer wat oor die volgende 3 jaar ontwikkel sal word.

Dit is noodsaaklik dat opvoeders vertrouwd raak met die konsepte wat verduidelik is en ook 'n waardering vir die implikasies vir skoolorganisasie, en klaskamerpraktyk ontwikkel.